

11 Maart
Skrifgedeelte: Hebreërs 3

Volhard enduit in jou vertrou in die Here

Mense is die afgelope jare nie net in hulle politieke en sosiale oortuigings geskud nie, maar ook in hulle sekerheid oor God en oor godsdiens. Die eerste lesers van die Hebreërbrief het ook met allerlei twyfelvrae begin worstel. Die skrywer vermaan die lesers om enduit te volhard in die vertrou waarmee hulle begin het (vers 14). Hy gebruik Israel as 'n voorbeeld van mense wat nie in hulle vertrou volhard het nie. Israel het ondanks alles wat hulle gesien het, nie sover gekom om God te vertrou nie. Hulle het nie in God se rus ingegaan nie.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges word ons vermaan om nie dieselfde fout as Israel te maak nie. Ons is immers deur die Heilige Gees verbind aan Jesus Christus (vergelyk Heb 3:14) en moet enduit volhard in ons vertrou. In Hebreërs 3 word ook vir ons geleer hoe ons dit moet doen. Ons moet eerstens let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester (Heb 3:1). Hy is deur die Vader gestuur (Apostel). So het God by óns kom woon. Hy tree nou as Hoëpriester vir ons by die Vader in. So is ons by God verteenwoordig. Sal ons verslap as ons dit onthou? Tweedens moet ons ons daartoe verbind om te volhard in ons vertrou (Heb 3:6). Halfhartige pogings is onvanpas! Ten slotte is dit belangrik dat ons behoorlik na mekaar omsien (Heb 3:12). Ons moet nie net oplet na uiterlike daade nie, maar veral na "gesindhede". Help dadelik waar dit blyk dat iemand in sy/haar hart nie die Here vertrou nie!

Sing: Psalm. 95:1,4 Dr DG Breed (Waterkloofrand)